

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

# ONTWERP V1
# (TEORIE)
# MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie memorandum bestaan uit 43 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

- **Verstaan Ontwerpteorie en gebruik van die korrekte terminologie.**
- **Die erkenning en begrip van die eienskappe van elke ontwerp beweging in al vier kategorieë van ontwerp.**
- **Verstaan en interpreteer tekens en simbole, stereotipering, partydigheid en vooroordeel in die ontwerp.**

## VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

Kandidate moet OF VRAAG 1.1 **OF** VRAAG 1.2 beantwoord.

1.1 1.1.1 **(Ken 6 punte toe)**

**Kleur** (element)
- Die oorheersende kleur wat gebruik word is swart. Die geverfde sensitiewe lynwerk gee ŉ delikate voorkoms aan die keramiekbord. ☑
- Die neutrale wit agtergrond skep ŉ sterk kontras teenoor die swart lynwerk in die keramiekbord. ☑
- Die enigste plein skakerings van kleur kan gesien word in die middel van die bord, die voëls en plante geverf in warm kleure: oranje, bruin en groen. Dit is tipiese inheemse kleure van Suid-Afrikaanse flora en fauna. ☑

**Beweging/Ritme** (beginsel)
- Ritme word geskep deur die herhaling van beelde soos ŉ proteas en ŉ suikerbekkie. ☑
- ŉ Ritmiese sirkelbeweging word geskep deur die grootste proteas aan die rand van die bord wat almal in dieselfde rigting wys. Dit skep ŉ deurlopende gevoel van ritme en beweging. ☑

**Lyn** (element)
- Organiese kronkelende swart lyne gee die ontwerp ŉ vloeiende kwaliteit. ☑
- Al die beelde is afgewerk met delikate en sensitiewe lynwerk wat ŉ duidelike en lewendige kontras op die wit bord skep. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (6)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.1.2 **(Ken 2 punte toe)**

Die leerder kan "ja" antwoord en dan van die volgende redes noem:

- Die oppervlak van die keramiekbord bestaan uit proteas en speldekussings asook voëls bv. suikerbekkies wat almal inheemse plante en voëls van Suid-Afrika is. ☑
- Die oranje, groen en bruin skakerings is tipies kleure van Suid-Afrikaanse flora en fauna. ☑

Die leerder kan "nee" antwoord en die volgende rede gee:

- Die keramiekbord het 'n tradisionele klei vorm aangeneem en sodoende baie verwesters met 'n moderne gevoel. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (2)

1.1.3 **(Ken 2 punte toe)**

Moontlike antwoorde kan die volgende wees:

<u>Kuns en Kunsvlyt beweging</u> ☑ word die beste weerspieël in die ontwerp in FIGUUR A vir die volgende redes:

- Hulle was beïnvloed deur die natuur – plante en voëls is dikwels gebruik as onderwerpe. ☑
- Hulle het 'n geestelike verbinding met die omliggende omgewing. ☑
- Hulle het handgemaakte produkte geproduseer. ☑
- Hulle produkte was baie eenvoudig en versiering is tot die minimum beperk. ☑
- Hulle het natuurlike kleure gebruik soos oranje, groen en bruine. ☑

**Gee erkenning vir enige ander geldige antwoord.** (2)

| V1.1 VLAK | KOGNETIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Observasie<br>Visuele begrip | 30% | Deel van 1.1.1<br>Deel van 1.1.3 | 2+1 |
| Middel orde | Toepassing van elemente | 40% | Deel van 1.1.1<br>Deel van 1.1.3 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30% | Deel van 1.1.1<br>Deel van 1.1.2 | 2+1 |

**[10]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.2 1.2.1 **(Ken 8 punte toe)**

**Balans:**

- Balans verwys na die visuele gewig in 'n ontwerp. Hierdie kledingstuk toon simmetriese balans omdat altwee kante van die kledingstuk vanaf die dieselfde is. ☑
- Hierdie formele balans verwys na die samestelling van die kledingstuk. Albei kante is dieselfde en vorm 'n stabiele effek. ☑

**Ritme/Patroon:**

- Ritme is 'n gevoel van beweging wat nodig is om belangstelling in 'n ontwerp te skep. Die herhaling van die effens geboë en komplekse geometriese patrone en weggesnyde vorms van die kledingstuk skep 'n sterk gevoel van beweging. ☑
- Die komplekse meetkundige patrone en weggesnyde dele van die ontwerp gee die oog 'n voortdurende opwindende dramatiese visuele effek. ☑

**Tekstuur:**

- Die kledingstuk het tasbare teksture met 'n verskeidenheid van kwaliteite. ☑
- Die verskillende weg gesnyde vorms, dekoratiewe knope en die geweefde sy lint skep 'n ryk verskeidenheid en kontras tussen teksture. ☑

**Eenheid:**

- 'n Verskeidenheid van komplekse geometriese vorms, soos driehoeke, halfsirkels en ovale word gesien dwarsoor die kledingstuk en dra by tot die algehele patroon. ☑
- Die algehele geometriese patroon is swart en dit dra by tot die eenheid. ☑ Eenheid word in die ontwerp geskep deur die swart lint wat gekombineerd is met die algehele geometriese swart patroon van die kledingstuk.☑ Al die elemente werk saam in die kledingstuk wat harmonie en eenheid bring wat dit 'n suksesvolle ontwerp maak. ☑

**Gee erkenning vir enige ander geldige antwoord.** (8)

1.2.2 **(Ken 2 punte toe)**

- 'n Samestelling van verskillende kulture is duidelike. Die komplekse geometriese vorms weerspieël 'n Afrika invloed asook 'n Asiatiese invloed. ☑
- Die kleed se versierings en die 'hooftooisel' met die besondere knope en linte is tipiese Xhosa tradisie. ☑ Die skoon, grafiese lyne, en simplisiteit van vorms en silhoeëtte weerspieël sterk Japanese invloed. ☑ Die skoon, eenvoudige, grafiese lyne wat die rok vorm verwys na 'n sterk Japanese invloed. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige en goed beredeneerde antwoord.** (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| V1.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Observasie/ Begrip | 30% | Deel van 1.2.1 | 1+2 |
| Middel orde | Toepassing | 40% | Deel van 1.2.1<br>Deel van 1.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie/<br>Afleiding | 30% | Deel van 1.2.1<br>Deel van 1.2.2 | 3 |

**[10]**

**VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP**

2.1 2.1.1 **(Ken 1 punt toe)**

**BOODSKAP WAT DEUR DIE PLAKKAAT OORGEDRA WORD:**
Die boodskap wat oorgedra word in die plakkaat is die lot of desperaatheid van sekere vroue wat hulle liggame vir seks (prostitusie) verkoop om 'n inkomste te skep vir oorlewing. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige en goed beredeneerde antwoord.** (1)

2.1.2 **(Ken 2 punte toe)**

Die Gestalt-beginsel van Figuur en Grond word toegepas deur die wit silhoeëtte wat natuurlik beskou word as figuur (voorwerp). ☑ Die omliggende swart gebied word as Grond (agtergrond) waargeneem. ☑ (2)

2.1.3 **(Ken 4 punte toe)**

- Die silhoeëtte van die vrou wys dat sy naak is, sy lyk blootgestel en kwesbaar. ☑
- Die silhoeëtte van die vrou is op 'n swart agtergrond wat simboliseer dat die vrou nie 'n identiteit het nie. ☑ Sy is net nog 'n vrou wat gebruik word vir seksuele plesier, sy voel emosioneel leeg. ☑
- 'n 'Barcode' toon dat sy 'gebrandmerk' is en net nog 'n produk/voorwerp is om te verkoop. ☑
- Die teks is beperk tot net die noodsaaklike boodskap wat die krag van die beeld versterk. ☑
- Die vrou is geïsoleerd en omring deur donker, 'n swart leë ruimte wat haar isolasie uitbeeld. ☑
- Die teks is geplaas in lyn met die vrou se mond om te demonstreer dat hierdie 'n gesiglose vorm van desperaatheid is om haar innerlike gevoelens van wanhoop uit te laat. ☑

**Gee erkenning vir enige ander geldige antwoord.** (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.2 2.2.1 **(Ken 1 punt toe)**

Stereotipering:

- Dit is 'n vaste indruk of idee oor 'n groep mense wat gebaseer is op die ervaring met 'n individu en as waar uitgebeeld word. ☑
- Word dikwels gesien in advertensies as groepe mense of individue met sekere eienskappe, of voorgeskrewe rolle. ☑ (1)

2.2.2 **(Ken 2 punte toe)**

- Die vrou in die tekstiel gedrukte lapwerk, 'Jacki So' word gesien op haar selfoon praat. Sy vertoon 'n vrou met 'n glansryke en ryk leefstyl en streef daarna om so gesien te word d.m.v. die spraakborrels rondom haar. ☑ Sy word ook gestereotipeer as 'n meisie wat maklik opgetel kan word deur mans met haar uitdagende stywe klere en hoëhakskoene en haar hand op haar heup houding. ☑
- Die gevaar van die steroptipe is dat dit die indruk kan skep dat mense aanvaar dat alle vroue wat stywe klere en hoëhakskoene dra en hulself omring met sekere beelde in die samelewing (stywe klere, skootrekenaars en selfone) opgetel wil word. ☑ Hierdie stereotipering verwyder hulle ware identiteit. ☑

**Gee erkenning vir enige ander geldige antwoord.** (2)

| V2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Observasie/ Herroep/ Begrip | 30% | 2.1.2<br>2.1.3<br>2.2.1 | 1+1+1 |
| Middel orde | Toepassing | 40% | Deel van 2.1.1<br>Deel van 2.1.3 | 1 + 3 |
| Hoër orde | Evaluasie/Afleiding | 30% | 2.2.2 | 3 |

**[10]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3**

Kandidate moet OF VRAAG 3.1 **OF** VRAAG 3.2 beantwoord.

3.1 **(Ken 8 punte toe)**
**Die memorandum is slegs puntsgewys geskryf om nasien te vergemaklik.**
**Kandidate moet 'n opstel sonder die gebruik van die punte of opskrifte skryf, om hul vermoë om te evalueer en feitelike inligting te wys.**

3.1.1 **INSPIRASIE/INVLOEDE:**
Die Ishongololo stoel maak verwysing na Suid-Afrika se handwerk tegnieke. ☑ Ishongololo beteken honderdpootwurm wat homself opkrul in 'n balvorm as hy skrik. ☑ Die 'Dot' stoel was ontwerp om as 'n stapelstoel te dien. ☑ Die produksie van die 'Dot' stoel is ook geïnspireerd en beïnvloed deur die nuwe materiaal en produksiemetodes in die industrieë. ☑ Beide die stoele kan massa-vervaardig word. ☑

**TEKSTUUR:**
Die sitplek van die Ishongololo stoel word vervaardig van wol. Die tekstuur is dus sag, gee warmte en troos. ☑ Die stoel het 'n snoesige karakter wat jou laat voel of jy daaraan wil vat. ☑ Die 'Dot' stoel is opgebou uit geverfde hout, wat die stoel 'n gladde oppervlak gee, en baie prakties maak vir alledaagse gebruik. ☑ Die bene van beide stoele is chroom wat hulle glad en blink laat voorkom en ook prakties maak vir gebruik. ☑

**MATERIALE EN TEGNIEKE:**
Die Ishongololo stoel se sitplek is met die hand gemaak ☑ van herwonne wol van die modebedryf, ☑ waar die stukke wol in die middel van die basis van die stoel 'n ring vorm, aangeheg is. Die stukke lap kan maklik kompak word sodat dit gemaklik is om op die stoel te sit. ☑ Volhoubaarheid is die kern van hierdie ontwerp. ☑
Die 'Dot' stoel is gemaak van hout en geverf in 'n keuse van vyf kleure, ☑ sowel as gevineerde okkerneuthout met die grein ten volle sigbaar. ☑
Beide die stoele is vervaardig van 'n chroom raam wat hulle 'n industriële maar modiese voorkoms gee. ☑

**ESTETIESE VOORKOMS:**
Die Ishongololo stoel het 'n estetiese voorkoms a.g.v. die gemaklike sagte teksture van die sitplek. ☑ Die bekendheid van die stoel bring ook kinderdae terug want as jy aan die honderdpootwurm vat krul hy in 'n stywe bal as hy skrik. ☑ Hierdie nuwe 'funky' eko-meubelstuk, heeltemal gemaak van wol afvalstukke en onverwagte kleure is 'n opwindende nuwe reeks, uniek, en individueel. ☑
Die 'Dot' stoel is 'n kleurvolle versameling van stoele wat enige interieur in 'n funksionele, tog stylvolle manier kan opkikker. ☑
Daar is 'n reeks van kleure om van te kies wat jou woonarea en kantoor kan ophelder en by jou persoonlikheid en karakter kan pas reg deur die jaar. ☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die 'Dot' stoel se stapelfunksie is vir klein interieurs. Dit dien as 'n sitplek, versiering en help met die algehele interieur gevoel. ☑

**Gee erkenning vir enige ander geldige antwoord.** (8)

3.1.2 **(Ken 2 punte toe)**
**Die memorandum wys dat beide FIGUUR A en FIGUUR B die beginsel 'Vorm Volg Funksie' bespreek.**

**Die kandidaat moet kies tussen FIGUUR A OF FIGUUR B.**

'Vorm volg funksie':

**FIGUUR A:**
Die vorm van 'n ontwerp word gebaseer op die funksie of doel van die voorwerp, in die geval, 'n stoel. Die doel van hierdie spesifieke ontwerp van die stoel is gemak. ☑ 'n Sagte sitplek wat baie gemaklik is, met die voldoende hoogte. Die stoel kan maklik rondgeskuif word en is nie baie swaar nie. Die stoel is nog steeds baie stewig en het vier bene wat hom baie goed stabiliseer.

**OF**

**FIGUUR B:**
Hierdie stoel word spesifiek ontwerp vir gemaklikheid, met die voldoende hoogte, 'n stewige oppervlak om op te sit en is baie lig in gewig. ☑ Die stoel is nog steeds baie stewig met vier bene, baie stabiel, is prakties en kan gerieflik rondgeskuif word in klein ruimtes.

**Gee erkenning vir enige ander geldige antwoord.** (2)

| **V3.1 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIG %** | **VRAE** | **PUNTE** |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Kennis, Begrip | 30% | Deel van 3.1.1 3.1.2 | 1 + 2 |
| Middel orde | Toepassing van elemente | 40% | Deel van 3.1.1 | 4 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluasie | 30% | Deel van 3.1.1 | 3 |

**[10]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.2 **(Ken 10 punte toe)**
**Die memorandum is slegs puntsgewys geskryf om nasien te vergemaklik.**
**Kandidate moet 'n opstel <u>sonder die gebruik van die punte of opskrifte skryf</u>, om hul vermoë om te evalueer en feitelike inligting weer te gee.**

**Die volgende vergelykende opstel moet die kandidaat die paviljoen in FIGUUR C met die Colosseum in Rome vergelyk.**

**DOEL/FUNKSIE:**

- Die Colosseum was gebou vir die Keisers, Verpasians en Titus om die Romeinse publiek te vermaak met verskillende bloeddorstige sportsoorte. Dit het deelnemers ingesluit soos oorlogsgevangenes, slawe, wilde diere en gladiators. ☑ Al hierdie asemrowende sport bv. stydwa-resies was 'n bewys van Rome en hulle oorwinnings oor ander nasies. Die Colosseum is 'n massiewe, asemrowende struktuur, 'n teken van Rome se rykdom, mag en krag, ☑ om die gewildheid en ondersteuning van die gepeupel teenoor die keiser te bewys. ☑ Die Colosseum was ook 'n tentoonstelling van die ingenieursvernuf en boutegnieke van daardie tydperk. ☑ Die voorstelling van beroemde Romeise oorloë het patriotisme aangemoedig. ☑
- Die 'Duckpond' Paviljoen is hoofsaaklik gebou as 'n krieketveld en sportsgronde vir sport-entoesiaste. ☑ Die paviljoengebou word ook gebruik vir ander geleenthede soos huweliksonthale en korporatiewe funksies, daarom is dit 'n openbare gebou. ☑

**UITLEG/PLAN:**

- Beide die Colosseum en die 'Duckpond' Paviljoen is ovaalvormige, vrystaande strukture, ☑ met sitplekke wat trapsgewys gerangskik is. ☑
- Gedurende die dag skyn natuurlike lig beide in die Colosseum en die 'Duckpond' paviljoen. ☑
- Die Colosseum het sitplekke vir sowat 50 - 80 000 mense, terwyl die 'Duckpond' Paviljoen sowat 17 500 sitplekke het.
- As gevolg van die groot skare kapasiteit is dit noodsaaklik om altwee die geboue vinnig te vul asook om te ontruim. Hierdie probleem is opgelos deur verskeie ingange en uitgange wat genommer is. ☑
- In die Colosseum is die voorste, laagste afdeling se sitplekke gereserveerd vir die keiser en prominente burgers. Die laer klas mense het verder boontoe gesit. ☑ In die 'Duckpond' Paviljoen se geval is dit omgekeerd. Die onderste sitplekke is vir die algemene publiek en die private sitplekke is bo gereserveerd vir die eksklusiewe toeskouers. ☑
- In die Colosseum was daar ondergrondse kamers waar wilde diere in hokke gehou is. Die hokke is met meganiese toestelle gehys na bo sodat hulle in die middel van die Colosseum verskyn. ☑
- Die middel van die krieketgrond is bedek met gras om die sport te akkommodeer. ☑
- Die Colosseum het bestaan uit drie vlakke wat omring was deur halfkolomme van die Toskaanse, Ioniese en Korintiese tydperke, en 'n vierde versier met Korintiese beelde. Die 'Duckpond' Paviljoen bestaan uit vlakke met boogvormige ingange en uitgange geïnspireerd deur klassieke Romeinse argitektuur. ☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


- Beide die Colosseum en die 'Duckpond' Paviljoen maak gebruik van boogvormige uitgange en ingange. ☑

**MATERIALE EN PRODUKSIE TEGNIEKE:**

- Die Colosseum was gebou met 'n tipe kalksteen wat sonder messelklei geset is en bymekaar gehou word deur 300 ton yster klampe. ☑ Die 'Duckpond' Paviljoen was gebou met beton, bakstene, messelklei, metaal en glas. Die dak was versterk met gegalvaniseerde velle. ☑
- Die Colosseum was gebou met die hand sonder die hulp van enige masjinerie. ☑ Die 'Duckpond' Paviljoen is gebou met die hulp van moderne masjinerie en tegnologie. ☑ Dit het 'n geïntegreerde beheer stelsel wat voorsiening maak vir doeltreffende en gesentraliseerde alarmstelsels, verwarming, ventilasie en elektriese sisteme. ☑

**VERHOUDING TOT DIE TERREIN:**

- Die Colosseum is geleë in die hart van Rome sodat dit maklik toeganklik was vir alle Romeinse burgers. ☑
- Die 'Duckpond' Paviljoen is omring deur 'n pragtige park: St. Georges Park in Port Elizabeth, Suid-Afrika. ☑

**TEIKENMARK:**

- Die teikenmark vir die Colosseum was grootliks bepaal deur die vorm van aktiwiteit wat aangebied is. 'n Wye spektrum van toeskouers was in ag geneem as dit by aktiwiteite kom, ☑ van die Keiser tot die man op die straat. Dit het die Romeinse publiek vermaak met bloeddorstige sportsoorte met Wilde diere, gladiators en stydwaresiese. ☑ Die 'Duckpond' Paviljoen is oorwegend vir krieket geesdriftiges, maar akkommodeer ook musiek liefhebbers met musiek konserte. Korporatiewe- en private funksies word ook hier gehou. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.**

| V3.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Kennis<br>Begrip | 30% | Deel van 3.2 | 3 |
| Middel orde | Toepassing | 40% | Deel van 3.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30% | Deel van 3.2 | 3 |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

- **Geskiedenis van ontwerp: Sluit in Griekeland, Rome, Gotiese, Barok, Rococo, Neoklassieke, Victoriaans, Kuns en Kunsvlyt, Art Nouveau, Bauhaus, Art Deco, Skandinawiese, De Stijl, Modernisme, Populêre kultuur, Pop/New Age en Post-Modernisme.**
- **'n Oorsig van argitektuur, waarin klassieke voorbeelde met kontemporêre geboue vergelyk word.**
- **Interpreteer en analiseer verskillende voorbeelde soos breekware, en/of bv. juwelierswaarde of kulturele geboue. Bespreek geskiedkundige en hedendaagse konnektasies.**

### VRAAG 4

4.1 **(Ken 20 punte toe in totaal)**
**LEERDERS MOET TWEE VANUIT N MOONTLIKHEID VAN NEGE ONTWERPBEWEGINGS/-STYLE/-PERIODES KIES.**

LET WEL:
Vir elke een van die style/bewegings moet die kandidate klem plaas op die karaktereienskappe van die spesifieke beweging/styl deur te verwys na die ondergenoemde kwotasie.
Die beddens te sien in FIGUUR A is bloot 'n riglyn wat kandidate kan help om karaktereienskappe te onthou van die beweging/styl.
Hulle mag ook verwys na enige argitektoniese strukture of produkte van die beweging/tydperk wat hulle kies.

> *"Ontwerp is 'n samestelling van klomp komponente, dit moet visueel, esteties en van goeie gehalte wees. Op die ou end moet dit die eindgebruiker se behoeftes bevredig."*
> *– Sally Sirkin Lewis*

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**GRIEKS:**

**Die Beweging en beskawing: (Ken 1 punt toe)**

- Magtige stede soos Korinte, Athene en Sparta het spoedig ontwikkelde nasies gevorm met hul eie karaktereienskappe. ☑
- Athene was ŉ stad van intellektuele waardes waar studies, denke en filosofie geheers het, terwyl Sparta ŉ stad van soldate was. ☑
- Die ontwikkeling van die Griekse kultuur word in drie hooftydperke verdeel: Die Argaïese, die Klassieke en die Hellenistiese tydperk. ☑ (1)

**Doelwitte: (Ken 1 punt toe)**

- Die antieke Griekse beskawing was behep met die menslike vorm. ☑ Hulle het geglo dat ŉ gesonde liggaam, ŉ gesonde gees huisves. As gevolg van hierdie filosofie het die antieke Grieke ongelooflik hard gewerk om hulle denke sowel as hulle fisieke voorkoms te ontwikkel. Sport en fisiese aktiwiteite het ŉ groot deel van hulle daaglikse lewe uitgemaak. ☑ Die Griekse gode het volgens hulle ŉ menslike vorm aangeneem, en menslike emosies soos begeerte, liefde of getrou getoon. In die Klassieke tydperk het die menslike vorm die grootste invloed op antieke Griekse argitektuur en ontwerp gehad. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Hulle het geglo dat ŉ gesonde liggaam ŉ gesonde gees huisves. Hulle was baie gesteld op hulle gedagtes en voorkoms. Sport en fisiese aktiwiteite was ŉ groot deel van hulle alledaagse lewens. ☑
- Die Griekse beskawing het ŉ obsessie met die menslike vorm gehad. ☑
- ŉ Invloed op die antieke Griekse beskawing was hulle geloof en mitologie. ☑
- Die Griekse Gode het die menslike vorm en menslike emosies soos begeerte, liefde of spyt vertoon. ☑
- Hierdie invloede kan ook gesien word in uitkerwings op argitektoniese strukture, soos bv. Griekse vase. ☑
- Hulle het die goue snit, ŉ wiskundige stelsel gebruik om die ideale menslike figuur te skep. Hierdie stelsel is ook gebruik in hul argitektuur om perfekte verhoudings te skep, ☑ soos gesien in die 'Parthenon'. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

- Die onderwerpe van antieke Griekse beeldhouwerk wissel. Sommige beelde is stories van gode, godinne of helde en hul dapperheid. ☑
- Estetika is ŉ vertakking van filosofie wat met die natuur van kuns, skoonheid en smaak saamsmelt. ☑
- Antieke Griekse standbeelde beeld die daaglikse lewe uit: Griekse mitologie, stories oor hulle gode en godinne en hul soldate wat veg en helde word. ☑ Reliëfbeelde van alledaagse lewe, atlete wat deelneem aan sport, soldate wat veg, vroue en kinders en bediendes, asook begrafnisse en rouklaers by grafte: Beelde was gedenkstukke wat geskep en is in openbare plekke geplaas. ☑
- Die funksie van Griekse beelde was gewoonlik vir geloof of as ŉ gedenkteken opgerig. ☑
- Beelde was gewoonlik godsdienstige, geskep en toegewy aan ŉ belofte, gelofte of herdenking. (ŉ Duidelike oorwinning was die standbeeld opgerig van 'Victor'). ☑
- Standbeelde het eenvoud, ☑ harmonie, ☑ ideale proporsies, ☑ balans, ☑ logika en rasionaliteit beklemtoon. ☑
- Dit was gebaseer op wiskundige beginsels, wat hul begeerte aangedui het vir elegansie van proporsies. ☑ Al die bogenoemde karaktereienskappe is duidelik te sien in die 'Parthenon'.
- Hulle het gebruik gemaak van die 'post and lintel' stelsel. ☑
- Hulle het gebruik gemaak van drie tipe pilaar konsepte: Dories, Ionies en Korintiaan. ☑
- Hulle het gebruik gemaak van marmer en sandsteen wat in helder kleure geverf was. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- Die 'Parthenon' ☑ ontwerp deur die argitekte, Iktinos en Kallikrates. ☑
- Beeldwerk: 'Discobolos' ontwerp deur Myron ☑ (1)

**EN/OF**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BAROK:**

**Die beweging/styl in konteks: (Ken 1 punt toe)**

- Die gewildheid en sukses van die Barok styl is bemoedig deur die Room-Katolieke Kerk in reaksie op die protestante hervorming. Die godsdienstige temas in hulle kunste is ŉ direkte en emosionele betrokkenheid hiervan. ☑
- Die Barok-era is dikwels beskou as ŉ tydperk van artistieke styl wat oordrewe beweging en eenvoudige besonderhede produseer het, uitgebeeld deur drama, uitbundigheid, die grootheid van hul beeldhouwerk, skilderkuns, argitektuur, literatuur, dans, teater en musiek. ☑ Die styl het begin uitbrei in Rome rondom 1600 AD en later in meeste dele van Europa. ☑ (1)

**Doelwitte: (Ken 1 punt toe)**

- Karaktereienskappe van soberheid was om te beïndruk: om krag en kontrole te reflekteer. ☑
- Die doelwit van Barok-argitektuur was om argitektoniese elemente in die mees visuele estetiese wyse aan te wend om ŉ sin vir grootheid en dramatiese effek te skep. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Barokontwerp en -kuns is sterk beïnvloed deur die teenkanting van Hervorming: ☑ Dit verwys na die tydperk in die geskiedenis toe die Katolieke Kerk besin het oor praktyke en beginsels, asook die implimentering van positiewe veranderinge in die kerk. ☑
- Die kerk het Barokkuns en -ontwerp gebruik om uit te reik na die mense om die wedergeboorte van geloof te bevorder. ☑
- Barokkuns en -ontwerp het die belangstelling gelol van die rykes en die aristokrate wat gevestig was op drama en die vermoë om te beïndruk. ☑
- Gestileerde Barokontwerpe is geleen uit die Middeleeue asook die Renaissancetydperk se style. ☑ (2)

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

- Barokgeboue was kolossaal met dramatiese afmetings, ☑ vertoon met massiewe trappe, kolomme en ingewikkelde, dramatiese versierings. ☑
- Geboue, meubels, mure en fonteine het beelde van engele, kupidos en gelowiges uitgebeeld. ☑
- Barokstyl is ook bekend as die "Swaar Styl". ☑
- ŉ Verskeidenheid van geronde en krom vorms is gebruik. ☑
- Ontwerpers maak gebruik van ryk, blink materiaal soos marmer, vergulding en brons. ☑
- Die meubelontwerpe is indrukwekkend en is die werk van beeldhouers en nie skrynwerkers.☑
- Die gebruik van goud, edelmetale, spieëls en marmer oorheers.☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Voorbeelde van Barokontwerp het dinamiese komposisies, ☑ 'n gevoel van drama, ☑ sterk kontrasterende kleure en interaksie tussen lig en skadu. ☑ Sterk klem word geplaas op drama en beweging. ☑
- Baie ontwerpe verwys na godsdienstige inhoud, 'n skuif weg van die suiwer Renaissance wat fokus op logika en rede.☑
- Emosionele en dramatiese temas is gebruik. ☑
- Daar is 'n ryk kombinasie van argitektuur, beeldhouwerk, silwer, kant, ryk tapisserieë en luukse afwerkings. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- 'Plafon Fresco': Die Triomf van die Naam van Jesus ontwerp deur G. Battista Gaulli (Rome) (1672–85). ☑
- Binneversiering: 'Hall of Mirrors' (Versailles) ontwerp deur Hardouin Mansart en Le Brun (1678). ☑
- Argitektuur:' Kolonnade van St. Peter's' ontwerp deur Glanlorenzo Bernini (Rome) (omstreeks 1656). ☑
- Produk: 'Baldacchino' (Altaar) in St Peter's ontwerp deur Bernini, (Rome), (1624–1633). ☑
- Grafiese: "The Elderly Fool and His Cat" ontwerp deur Alexander Voet II, ($17^{de}$ eeu). ☑ (1)

**EN/OF**

eeduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**SKANDINAWIESE ONTWERP:**

**Die beweging/styl en inhoud: (Ken 1 punt toe)**

- Skandinawiese ontwerp het ontwikkel gedurende die 1950's in Denemarke, Noorweë en Finland. ☑
- Na die Tweede Wêreld-oorlog was die beskikbaarheid van lae-koste materiale en metodes vir masse produksie vir funksionele en pragtige alledaagse produkte bekostigbaar vir almal. ☑ (1)

**Doelwitte: (Ken 1 punt toe)**

- Om pragtige, visuele, estetiese en funksionele alledaagse produkte te ontwerp wat bekostigbaar was vir almal. ☑
- Om eenvoudige, elegante ontwerpe te vervaardig, maar sonder dat grasie, skoonheid of kwaliteit beïnvloed word. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Modernisme en Bauhausbewegings met hul kunstige beginsels sowel as tegnologiese en sosiale vooruitgang was 'n sterk invloed. ☑
- Sosiale demokrasie wat ontwikkel het in die 1950's het die begin van die beweging veroorsaak. ☑
- Nuwe masjinerie, nuwe tegnologie en nuwe produkte wat nou beskikbaar was na die Tweede Wêreld-oorlog het alles beïnvloed. ☑
- Die invloed van Surrealisme is sigbaar in die gebruik van die biomorfiese vorms van sommige meubelstukke. ☑
- Koue donker winters met net 'n paar ure van daglig, en die gewone lig gekleurde meubels en interieurs, het 'n groot invloed op Skandinawiese interieurs gehad. ☑ (2)

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

- Kleur: Hout met 'n ligte kleur, ontwerpe in treffende en helder kleure. ☑
- Patrone: Eenvoudige ontwerpe, vereenvoudigde blomfigure, kolle en strepe.☑
- Vorm/Spasie: Sagte ronde hoeke, ☑ eenvoudige organiese vorms gekombineerd met geometriese vorms. ☑
- Meubels: Eenvoudig in vorm met gladde teksture en skoon lyne; ☑ hulle het baie aandag gegee aan goeie vakmanskap en gemaklike meubels. ☑
- Lyn: Meubelstukke was eenvoudig in vorm met organiese sowel as reguit lyne. ☑ Klere-ontwerp was eenvoudige A-lyn rompe en rokke. ☑
- Nuwe materiale sluit in: veselglas, hout, rubber, plastiek, viniel, laaghout en staal. ☑
- Hulle maak gebruik van modern materiale soos plastiek om vir die eerste keer stapelstoele te vervaardig. ☑
- Aandag is gespandeer aan fyn afwerkings en detail. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- 3-D Produk: Arne Jacobsen – "Die eier stoel" ☑ of "Die Mier stoel". ☑
- 2-D Produk: Maija Isola – 'Marimekko' tekstiel ontwerp. ☑
- Argitektuur: Aalvar Aalto – 'Helsinki' Kulturele Sentrum. ☑
- Kommunikasie ontwerp deur Anders Beckman - Sweedse Lugredery plakkate ☑ (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**EN/OF**

**KUNSVLYTBEWEGING:**

**Die beweging/styl en agtergrond: (Ken 1 punt toe)**

- Hoë geboue, fabrieke, brûe en tremstasies is teen die einde van die 19de eeu orals gebou. ☑
- Fabrieke het ernstige gesondheidsrisiko's gehad en dit was die begin van sosialisme en menseregte. ☑
- Hulle was beïnvloed deur die natuur. ☑
- Hierdie beweging was 'n terugslag teenoor die fabrieke wat orals in Brittanje opgerig is. ☑ (1)

**Doelstellings: (Ken 1 punt toe)**

- Kunstenaars het hulle daarop toegespits om die standaard van massa-produksie produkte te verhoog. ☑
- Om die lewe van ontwerpers en vakmanskap te verbeter. ☑
- Om die vakman meer betrokke te maak met die ontwerp van alledaagse ontwerpe en produkte. ☑
- Om ontwerpe meer eenvoudiger en minder dekoratief te maak. ☑
- Om produkte te produseer wat minder dekoratief is, meer natuurlike materiale te gebruik (bv. hout en steen) Die doel was om die natuurlike voorkoms van materiale te behou. ☑.
- Om sosiale orde te herstel, stabiliteit en Christelike waardes terug te bring. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Middeleeuse Gotiese Styl: toegespits om die standaarde van massa-geproduseerde produkte en goeie Christelike waardes terug te bring. ☑ Hierdie styl is tentoongestel deur die gebruik van Tudor-Gotiese style en word gekenmerk deur die gebruik van spitsboë in die dakgedeeltes. ☑
- Die landelike Engelse kothuis-styl, ☑ dakbalke word nie bedek met enigiets, sodat die natuurlike skoonheid van die hout gesien kan word. Hulle gebruik handgemaakte, onversierde hout om meubels te bou. ☑ Steen en hout is gebruik vir stoele en tafels. Stoele word uitgekerf uit hout en sitplekke geweef deur riempies leer. ☑
- Beïnvloed deur alledaagse lewe soos die natuur, diere en blom-motiewe. ☑ (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

- Die beweging het die mense weer laat belangstel in handgemaakte produkte soos: keramiekwerk, leergebinde boeke, metaalwerk en naaldwerk. ☑
- Ontwerpe: Die natuurlike vorms van blomme, voëls en diere, gotiese ontwerp-motiewe, bv. die 'quatrefoil' en 'tredoil'. ☑
- Produkte: Tekstiele, meubels, keramiekwerk, leergebinde boeke wat handgemaak is, metaalwerk en argitektuur. ☑
- Materiale: Hout en klip. ☑
- Versierings: Geen onnodige detail. Versiering word net gebruik om die basiese ontwerp te versterk. ☑
- Dekoratiwitiet: Eenvoudig en elegant sonder te veel versiering. ☑ Hulle het alle produkte so na aan die werklike materiaal gehou as moontlik. ☑
- Fatsoene: Eenvoudig en elegant. Tekstiele en keramiekwerk was meer organies a.g.v. die invloed van stabiliteit en orde. ☑
- Kleur: Hulle het gebruik gemaak van plat areas met helder kleure in verskillende skakerings van blou, geel en rooi. Hulle het ook gebruik gemaak van aardse kleure. ☑
- Balans: Meestal simmetries a.g.v. die Middeleeuse Gotiese invloed van stabiliteit en orde. ☑
- Eenheid: Geskep deur die herhaling van organiese lyne op ontwerpe. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- Tekstiele (tapeserie): 'Die Aarbei-dief' ontwerp deur William Morris ☑
- Meubels: 'Morris' stoel ontwerp deur William Morris ☑
- Argitektuur: "Die Rooi huis" ontwerp deur Phillip Webb ☑ (1)

**EN/OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**RENAISSANCE:**

**Die beweging/styl en inhoud: (Ken 1 punt toe)**

- Dié tydperk in Europa het 'n verandering in siening, wetenskaplike eksperimentasie en verskillende denkrigtings teweeg gebring. ☑
- Groot denkers, kunstenaars soos Michelangelo, Leonardo da Vinci en Raphael het op visuele maniere aan die ideale van die Renaissance uitdrukking gegee. Hulle het 'n nuwe fokus aan denke gegee.☑
- Hulle het 'n innoverende denkwyse aangemoedig, ☑ met voorbeelde hiervan:
    - 1455 – Johannes Gutenberg vind die drukpers en beweegbare letters van metaal uit wat die begin van gedrukte inligting beskikbaar gemaak het aan almal wat kon lees. ☑
    - 1606 – Galileo Galilei vind die astronomiese teleskoop uit. Hierdie is die begin van objektiewe eksperimentering soos ons dit vandag ken. ☑
    - 1629 – Giovanni Brance vind stroomturbine uit. ☑
    - 1714 – Gabriel Fahrenheit vind die kwiktermometer uit. ☑ (1)

**Doelstellings: (Ken 1 punt toe)**

- Redenasie, om te bevraagteken. Die verteenwoordiging van die menslike figuur as 'n individu was belangrik. ☑
- Humanisme is die Renaissance filosofie wat beweer dat elke persoon die reg het om te dink, te redeneer, vrae te vra en hul eie besluite en eie oortuigings te hê. ☑
- Dit het die Renaissance herlewing/wedergeboorte na die klassieke ideale in kuns en argitektuur gelei. Veral in die 14$^{de}$ en 16$^{de}$ eeu het dit teruggekeer na objektiewe eksperimentering in wetenskap. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Die Renaissance was 'n wedergeboorte van die Romeinse tradisies van ontwerp en argitektuur. ☑
- Produk ontwerpe met hul versierings was dikwels geïnspireerd deur Michelangelo en Raphael. ☑
- Mitologiese en Bybelfigure was dikwels geïnkorporeer in hul ontwerpe. ☑
- Kunstenaars van die vroeë Renaissance tydperk gebruik die natuurlike wêreld as verwysing vir hulle kuns. ☑
- Die rasionale benadering wat gevisualiseer word deur die kunstenaars verskil aansienlik van die suiwer-geïnspireerde ontwerpe en kuns van die Middeleeue en Gotiese tydperke. ☑
- Daar was 'n sterk fokus op direkte waarneming en akkurate refleksie van die natuur. ☑
- Daar was ook fokus op idealisme en perfeksie. ☑ (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

- Ontwerp gedurende die tydperk word gekenmerk deur natuurlike invloede; ☑ die organisasie van ruimte; ☑ die gebruik van perspektief; ☑'n herlewing van die klassieke ideale en motiewe. ☑
- Visuele estetika was baie belangrik vir die Renaissance kunstenaars en ontwerpers. Argitektuur was beklemtoon deur harmonie en balans. ☑ Dit is bereik deur simmetrie, wiskundige meetkunde, skaal en proporsie van die Griekse tradisies. ☑ Argitektuur van dié tyd het kolomme, half koepels en semi-koepel boë beklemtoon. ☑
- Die ontwerp van geboue was dikwels vierkantig of reghoekig met die klem op simmetrie. ☑ Die vooraansig van geboue was oor die algemeen simmetries rondom die vertikale as. ☑
- Meubel ontwerp is getrou aan die doel van die hout, ☑ en het dikwels mitologiese of Bybelse figure geïnkorporeer. ☑ Okkerneuthout was 'n gewilde hout van keuse vir meubels. ☑
- Houtkiste en beddens was die mees algemeenste meubels gedurende die Renaissance tydperk. ☑
- In meubel ontwerpe het hulle gebruik gemaak van verskillende panele wat ingelê is, asook gedetailleerde beelde van tonele uit die natuur en alledaagse lewe. ☑
- Tou beddens het bestaan uit 'n langwerpige raam van hout met gevlegte toue. ☑
- Die Renaissance tydperk was ook baie bekend vir hul fyn tapisserie werk. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- Juwele: Halsnoerontwerp deur Hans Holbein (1532–1543). ☑
- Argitektuur: St. Peter's Katedraal ontwerp deur Michelangelo, (Rome), (1546–1564). ☑
- Gravering: Die verlyding van St. Anthony ontwerp deur Schongauer, (1480–1490). ☑
- Produk: Seremoniële bed ontwerp deur Pieter Kolding, (1640–1650). ☑
- Houtkerfwerk: Vier ruiters van die 'Apocalypse' ontwerp deur Albrecht Durer 1498. ☑
- Argitektuur: Die Koepel in die Floraanse katedraal ontwerp deur Filippo Brunelleschi (1420). ☑ (1)

**EN/OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**GOTIES:**

**Die beweging/styl en inhoud: (Ken 1 punt toe)**

- Na die val van die Romeinse ryk was Europa in 'n toestand van verwarring en dit was gedurende hierdie tydperk dat siektes, oorlog, geweld en algemene hongersnood probleme was. ☑
- Die gevoel van vrees het ontwikkel, bygelowige oortuigings het gegroei en as gevolg hiervan het die Christelike Kerk gegroei as 'n nuwe vorm van gesag. Die Romeinse keisers is vervang deur die kerk.
- Die argitektoniese styl van die kerk het verander en is beïnvloed deur Gotiese style. ☑ (1)

**Doelstelling: (Ken 1 punt toe)**

- Die kerk se toring moes hoog wees in die dorp en uitreik na die hemel en 'n fokuspunt wees om eer te gee aan God. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Die toestand van verwarring en vrees wat ervaar is gedurende die tydperk het die mense se geloof versterk. Die kerke en katedrale was baie groot gebou en ontwerp. ☑
- Die ryk mense wat baie land besit het, die aristokrate en die kerk. ☑
- Die argitektuur. Die romeinse katerdraal planne was ontwerp en gebruik in die Gotiese kerke☑ (2)

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

<u>Argitektuur</u>:

- As gevolg van die nuwe triomfantelike fase van Christendom was die konstruksie van nuwe pragtige groot katedrale en kerke baie belangrik. ☑
- Op 'n praktiese manier is die geboue ontwerp om meer ruimte te skep en minder boumateriaal is gebruik. ☑
- Die belangrikste elemente van Gotiese argitektuur het ingesluit: gepunte boë, stutmure, kelders en loodglas vensters. ☑
- Die boutegnieke is aangepas om plek te maak vir groter vensters versier met loodglas. ☑
- Die katedraal was ook 'n museum van kuns – gebruik om die geskiedenis van kuns, die wêreld en Christendom te vertoon. ☑
- Die katedrale was 'n heilige plek waar die beroemdes se grafte versier was met trots. ☑

<u>Meubels</u>:

- Groot en swaar donker hout meubels gemaak van eikehout, 'rosewood' en okkerneuthout. ☑
- Die gespitste boë, met ingewikkelde kerfwerk. ☑
- Gotiese banke is met ryk, donker kleure, soos pers, swart, oker, donker groen, rooi en goud materiale oorgetrek. ☑
- Materiaal ontwerpe was meestal geometries met blaar patrone. ☑
- Gotiese meubels was baie formeel en nie ontwerp vir gerief. ☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Manuskripte:

- Dit is geïllustreerde handgemaakte boeke of manuskripte wat met goud versier was. Die goud het lig van die boek af weerspieël. ☑
- Hierdie manuskripte was meestal godsdienstig en geproduseer in kloosters versier met voorletters, rame en miniatuur illustrasies. ☑

Loodglas vensters:

- Hierdie vensters het die vertrek verlig en het bygedra tot die Gotiese kerk se atmosfeer. ☑
- Die vensters het 'n storie vertel meestal van Bybelse tonele. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- Argitektuur: 'Notre Dame' Katedraal in Parys (1163-1250). ☑
- Argitektuur: 'Salisbury' Katedraal in Brittanje (1220-1270).☑
- Argitektuur: 'Chartres' Katedraal in Frankryk (1140-1220). ☑
- Tapeserie: 'Lady with the Unicorn' ontwerp deur Chateau Pierre d'Aubusson ☑ (1)

**EN/OF**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**ART NOUVEAU:**

**Die beweging/styl en inhoud: (Ken 1 punt toe)**

- Hierdie beweging was ook teen die onverfynde massaproduksie van produkte wat geproduseer is gedurende die 19de eeu net soos die Kunsvlytbeweging. ☑
- Hulle het pragtige produkte produseer maar ongelukkig versuim om saam met die tye te beweeg. Die produkte het te lank gevat om te produseer en was te duur. ☑ (1)

**Doelstellings: (Ken 1 punt toe)**

Die beweging het gegroei uit die Kunsvlytbeweging, so sommige van die doelstellings is dieselfde:

- 'n Begeerte om nouer bande tussen die kunstenaar en die vakman in die ontwerp van produkte te vestig.☑
- Om die tradisie te laat herlewe om bekwame vakmanne te gebruik. ☑
- Hulle het nie die fabrieke en masjinerie heeltemal verwerp, maar wou handgemaakte produkte se kwaliteit verbeter deur die gebruik van sommige masjiene en meer modern produkte bv. metaal en staal. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Natuur: Hulle verwysing na die natuur bv. lelies, rankplante en poue. ☑
- Japanese houtkerfwerk: Met eenvoudige, vloeiende dekoratiewe lyne. ☑
- Gestileerde vorms, grafiese patrone, dekoratiewe patrone en eenkleurige vorms. ☑
- Alphonse Mucha: Hulle was geïnspireer deur sy skilderye van vroue. ☑
- Gustav Klimt: Beïnvloed deur Klimt se gebruik van dekoratiewe patrone. ☑
- Keltiese Kuns: Uitgebreide, krom, lineêre ontwerpe en dekoratiewe draai lintagtige patrone. ☑
- Simboliek: 'n Kunsbeweging van daardie tydperk: Eenkleurige areas, organiese geboë buitelyne, sensuele ontwerpe met kurwes gebaseer op die natuur en die vroulike figuur. ☑
- Die Kunsvlytbeweging beweging: Hul natuurlike vloeiende vorms. ☑
- Laat Gotiese styl: Loodglas werk en flambojante lyne. ☑
- Franse Rococo Kunsperiode: Met sy flambojante lyne en vorms sowel as die lig en speelse atmosfeer van beweging. ☑ (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

- Onderwerp: Diere, voëls, plante, gestileerde rose, sonneblomme, lelies, poue en sensuele vroulike vorms. ☑
- Produkte: Tekstiele, keramiekware, metaalwerk, glasware, juweliersware, meubelontwerp en argitektuur. ☑
- Materiale: Eksotiese materiaal soos perlemoenskulp, lapis-lazuli, horing, ivoor, wisselkleurige glas, metaal, keramiek juweliersware asook meubelstukke van yster ☑ Hulle het baie duursame materiale gebruik soos sy en velvet met borduurwerk op tekstiele. ☑
- Mosaïek en gebrandskilderde glas was ook baie gewild. ☑
- Produkte was ryk versierd en baie dekoratief. ☑

Elemente van Ontwerp:

- Lyn: Die gebruik van die slangvormige, sweepslag-lyne om gestileerde en eenvoudige vorms te skep. ☑
- Fatsoen en Vorm: Die vloeiende kurwes en vorms wat gebruik word om meubels en ander voorwerpe te ontwerp weerspieël die ritme van die sweepslag-lyne. ☑
- Kleur: Subtiel en gedemp, soos pastel-geel, -pienk en -groen. ☑
- Kleur: Plat 'matt' kleur word omsluit deur kromagtige lyne, algemeen gebruik vir plakkaat illustrasies, bv. Plakkate deur Mucha. ☑

Beginsels van Ontwerp:

- Balans: Komposisie is altyd asimmetries gebalanseerd. ☑
- Kontras: Groot en klein vorms. Koue kleure in kontras met warm kleure. ☑
- Beweging: Die herhaling van sweepslaglyne skep 'n gevoel van vloeiende beweging. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- Juweliersware: 'Dragonfly' borsspeld ontwerp deur Rene Lalique ☑
- Art Nouveau borspeld ontwerp deur Winifred Green ☑
- Lampe: 'Lotus Tale' Lamp ontwerp deur Louis Comfort Tiffany ☑
- Metaalwerk: 'Cornet' Draakhek ontwerp deur Antoni Gaudi ☑
- Binnehuisversiering: Trappe in die "Van Eetvelde" Huis in Brussels ontwerp deur Victor Horta ☑
- Meubels: 'Cabinet Vitrine' ontwerp deur Gustave Serrurier-Bovy ☑
- Plakkate: 'Pen' plakkaat ontwerp deur Alphonso Mucha ☑
- 'Job' plakkaat ontwerp deur Alphonso Mucha ☑ (1)

**EN/OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**ART DECO:**

**Die beweging/styl en inhoud: (Ken 1 punt toe)**

- Art Deco was gefokus op sensasionele, selfvertroue en moderne nuwe gewaagde ontwerpe. ☑
- Hulle was gefassineerd deur spoed, tegnologie en antieke kulture. ☑
- Hulle het probeer ontsnap na ŉ onwerklike omgewing wat hulle geskep het. ☑ (1)

**Doelstellings: (Ken 1 punt toe)**

- ŉ Nuwe styl is geskep vir ŉ nuwe era. ☑
- Hulle het gestreef na die eise van die masjien en nuwe materiaal sowel as massaproduksie. ☑
- Om goeie gehalte, praktiese, massa-vervaardigde produkte te ontwerp wat innoverend is en geproduseer uit industriële materiale. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Vroeë 20ste eeu skilderye met spesifieke verwysing na:
  - Kubisme (abstraksie, verwronge en vereenvoudiging) wat lei tot die gebruik van reguit lyne, die zig-zag en laag op laag geometriese vorms. ☑
  - Konstruktivisme met sy abstrakte vorms en nie-tradisionele materiale (bv. Perspex) en die industriële metodes van sweis. ☑
- Spoed en tegnologie – die ontwikkeling van die masjien, motor, vliegtuig en die studie van aërodinamika. ☑
- Afrika kuns en die Amerikaanse Jazz kultuur. ☑
- Egiptiese motiewe (die lotus knop en papirus) ☑
- Aztek en die Rooi Indiaan motiewe: Aztek se zig-zag trap patroon ☑
- Die verskillende oppervlak tegnieke van Oosterse kuns (lae van oosterse “oriental lacquer’, bv. “shellac”) ☑ en die gebruik van inlegsels van pêrels, skilpaddop, slangvel en haaileerbedekkings. ☑
- Die Russiese ballet met hul gebruik van helder kleure en patrone in hul teater ontwerpe en hulle elegante uitbeelding van vroue. ☑
- Modernisme, die wêreldwye beweging met die klem op die nie-verteenwoordigende motiewe, skoon lyne en suiwer geometriese vorms (later as die ‘Art Deco’ tydperk bekend). ☑ (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

- Temas: Egiptiese motiewe, enigiets wat populêr, gewild en van die Jazz era was. ☑
- Motiewe: Sonstrale en zig-zags. ☑
- Die kuns en beeldhouwerk van Afrika met sy vreemde, verwronge en onreëlmatige vorms. ☑
- Vliegtuie, treine, karre – hulle obsessie met die idee van toer en spoed. ☑
- Die profiel van die vroulike figuur en modes. ☑
- Vorm: Die klem was op plat, 2-D ontwerpe ☑ gestileerd en dekoratief. ☑
- Kleure: Eentonig, sterk en eksoties, met geen skakerings. ☑
- Sterk klem is geplaas op lyn bv. geometriese waaier motiewe, sonstrale wat die strale sterk beklemtoon in ʼn gestileerde ontwerp. ☑
- Tekstuur: Ryk met ʼn groot verskeidenheid van teksture in oppervlakte, bv. growwe teksture teenoor gladde, blink metaal glansende oppervlaktes. ☑
- Meubels: Die vorms was vaartbelyn, het ʼn modern en elegante voorkoms gehad, en was baie gemaklik. ☑
- Hulle het gebruik gemaak van eksotiese hout (Kubaanse mahonie, ebbehout en olyfhout). Die hout was gewoonlik blink gevernis ☑
- Hulle het gebruik gemaak van eksotiese diervelle asook houtinlegwerk in van hul meubels. ☑
- Art Deco het meestal van simmetriese balans gebruik gemaak in hul ontwerpe. ☑
- Dit is ʼn eklektiese styl geleen uit die verlede. ☑
- Art Deco het dikwels sirkels en hoekvormige vorms saam gebruik met die maak van meubels. ☑
- Juwele: ʼn Wye verskeidenheid van juweliersware is gemaak met kosbare semi-edelgesteentes. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- Argitektuur: Die 'Chrysler' Gebou – ontwerp deur William van Alen ☑
- Plakkaat: 'Fast Forward' ontwerp deur Cassandre ☑
- Plakkaat: 'Normandie' ontwerp deur Cassandre ☑
- Meubles:' Art Deco club' stoel ontwerp deur Donald Deskey ☑
- Tekstiele: 'Dalmations' ontwerp deur Violetta Janes ☑
- Teestel: 'Morning Tea Set' ontwerp deur Clarice Cliff ☑
- Teestel: Art Deco Tee stel met ivoor handvatsels ontwerp deur Edward Vines ☑ (1)

**EN/OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BAUHAUS:**

**Die beweging/styl en inhoud: (Ken 1 punt toe)**

- Die Bauhaus is gestig in 'n tyd toe die Duitse 'zeitgest' van emosionele ekspressionisme na 'n nuwe objektiewe styl geskuif het. ☑
- Hulle het oplossings vir die probleme wat die werkersklas gedurende die depressie-jare van post-Wêreld Oorlog I gehad het, probeer oorwin. ☑ Hulle bekommernisse was Stedelike beplanning, behuising en die ontwikkeling van hoë gehalte, nuttige, massa-vervaardigde verbruikersgoedere. ☑ (1)

**Doelwitte: (Ken 1 punt toe)**

- Om gesonde behuising te voorsien vir 'n groeiende stedelike bevolking in moeilike ekonomiese toestande. ☑
- Om voordeel te kry uit die gebruik van nuwe tegnologie. ☑
- Om 'n deurbraak te maak vir rasionele vorms in ontwerpe en om rasionalisme en funksionalisme te beklemtoon. ☑
- Om produkte bekostigbaar te maak vir massas deur kostes te sny. ☑
- Hoofdoel was om weer die beeld van 'n materiële wêreld te skep en die eenheid van al die verskillende vakmanskap en kunste te weerspieël. ☑
- Die Bauhaus-skool se doel was om hulle studente op te lei om die gebruik van masjinerie in hul ontwerpte te vertoon en te beklemtoon, ☑ sodoende was die ontwerpe suiwer, eenvoudig en funksioneel. ☑
- Hulle doel was om alle kuns en handwerk tegnieke as 'n funksionele geheel te laat werk. ☑ (1)

**Invloede: (Ken 2 punte toe)**

- Die Bauhaus styl was beïnvloed deur die eenvoudige onversierde meubels en kunste van die Kunsvlytbeweging. ☑
- Is beïnvloed deur die Kubist-beweging wat geglo het in die vereenvoudiging van voorwerpe om hulle terug te bring na hul mees basiese vorme: kubus, silinder, vierkant en die sirkel. ☑
- Beïnvloed deur die De Stijl beweging waar die ontwerpe baie onpersoonlik en abstrak was. Meeste kunswerke het bestaan uit vierkantige blokke van primêre kleure, geskei deur vertikale en horisontale lyne van swart en wit. ☑ Die oppervlaktes was baie glad en het die gevoel geskep asof dit deur 'n masjien gedoen is en op 'n wiskundige manier uitgewerk is. ☑
- Die Amerikaanse argitek Louis Sullivan se aanhaling: "Vorm Volg Funksie" – Dit beteken dat die voorwerp onversierd is en net 'n funksie het. Die voorwerp se reinheid en vorm is onversierd gelaat. ☑ (2)

**Karaktereienskappe: (Ken 5 punte toe)**

- Aanvanklik was die fokus op handgemaakte produkte vervaardig deur natuurlike materiale, maar die fokus het verskuif met die groei van tegnologie en industriële prosesse na modern ontwerpe en produkte. ☑
- Die Bauhaus tydperk kan dus gesien word as 'n tydperk met meer funksionerende produkte as produkte wat dekoratief of ekspressioneel was. Hulle produkte het tegnologiese massaproduksie aangemoedig. ☑
- Ontwerpe was modern, eenvoudig, funksioneel en universeel. Die produksie en vervaardigings proses het gefokus op kwaliteit. ☑
- Bauhaus ontwerpe was sonder eenvoudig, sonder enige versierings, funksioneel en elegant.☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Hulle het gebruik gemaak van asimmetriese lyne en regulariteit in plaas van simmetriese lyne en simmetrie. ☑
- Suiwerheid van vorm was beklemtoon. ☑
- Hulle het die oorspronklike materiale' en 'Vorm volg Funksie' beklemtoon. ☑
- Hulle het gebruik gemaak van nuwe materiale en tegnologie soos bv. beton en sement. ☑
- Hulle het gebruik gemaak van geometriese vorms. ☑
- Lyne was meestal reguit (vertikaal en horisontaal) ☑ en geometriese vorms is gebruik. ☑
- Kleure van produkte was meestal onbehandeld, soos staal, sement en hout. ☑ Suiwer primêre kleure is gebruik. ☑
- Oppervlaktes was glad, koud en onpersoonlik. ☑
- Hulle het verskillende materiale en tegnieke gebruik in eenvoudige praktiese projekte. ☑
- Gedematerialiseerde en konserwatiewe vorms vir meubels is gebruik, bv. meubels moes in hul mees basiese en natuurlikste vorms gebruik word, gestroop van alle versierings. ☑
- Hulle het voorafvervaardigde meubels self geproduseer vir massaproduksie. ☑
- Hulle het klem gelê op die formele en fisiese eienskappe van materiale. ☑
- Stoele was eenvoudig en onversierd: ligte staal rame was gebruik vir eenvoudige stoele, ☑ wat vir massaproduksie kon produseer word. ☑
- Argitektuur het baie funksies gehad: staal raam konstruksies, 'n glas gordyn as 'n muur, versterkte sement en oopplan binnenshuise uitleg met beweegbare mure. Kubus-agtige strukture, voorafvervaardigde eenhede was deur masjiene vervaardig in fabrieke. ☑ (5)

**Ontwerper en produk: (Ken 1 punt toe)**

- 'Cantilever' Stoel – ontwerp deur Mies van der Rohe ☑
- 'Tubular' Stoel – ontwerp deur Mies van der Rohe ☑
- Die 'Barcelona' Stoel – ontwerp deur Mies van der Rohe ☑
- 'Zig-Zag' Stoel – ontwerp deur Gerrit Rietveld ☑
- 'Wassily' Stoel – ontwerp deur Marcel Breuer ☑
- 'Tac' Teepot – ontwerp deur Walter Gropius ☑
- 'Cradle' – ontwerp deur Peter Keler ☑
- 'Tea-extract' Teepot 1924 – ontwerp deur Marianne Brandt ☑
- Plafonlamp – ontwerp deur Marianne Brandt ☑ (1)

| V4.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Observasie/Herroep/ Begrip | 30% | Deel van 4.1 | 6 |
| Middel orde | Toepassing | 40% | Deel van 4.1 | 8 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30% | Deel van 4.1 | 6 |

(20)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.2 4.2.1 (Ken 2 punte toe)
**FIGUUR B verteenwoordig Dekonstruktivisme ☑ en FIGUUR C verteenwoordig De Stijl. ☑** (2)

4.2.2 (Ken 8 punte toe)
**Kandidate moet vrae in paragrawe beantwoord en nie in tabelvorm nie. Die memorandum is slegs puntsgewys geskryf om die merkproses te fasiliteer. Die kandidate moet een opstel skryf, sonder die gebruik van bullets, om hul vermoë te wys dat hulle kan evalueer en vergelyk deur die toepassing van feitelike inligting.**

**FUNKSIE:**

- In FIGUUR B is die tradisionele voorkoms van die klok (horlosie) gedeeltelik te sien. Die fokus is nie op die werking van die horlosie, maar eerder op hoe die ontwerper die verhouding tussen die verskillende parte van die ontwerp bestudeer. Die horlosie vertoon oneweredig en kom in verskillende fasette voor met die nommer '9' nie in die ronde sirkel van die horlosie. ☑
- In FIGUUR C vertoon die ontwerp van die klok (horlosie) tipiese De Stijl karaktereienskappe. Die ontwerp vertoon minimale funksionele parte en geen nommers word vertoon, maar die horlosie kan nogsteeds 'gelees' word. ☑

**KONTRAS:**

- In FIGUUR B kontrasteer die eenvoudige elemente van die vooraangesig sterk teenoor die gefragmenteerde, geometriese vorms van die buitekantse deel van die klok (horlosie). ☑ Daar is 'n kontras van teksture in die klok (horlosie), onder andere die gladde houtgrein, gladde geverfde areas op die dekoratiewe voetstuk van die klok (horlosie) teenoor die plastiek en metaal parte van die klok (horlosie) se meganismes. ☑
- In FIGUUR C is daar kontras te sien in die geometriese blokareas van die klok (horlosie). ☑ Die swart, blou en rooi kleure kontrasteer sterk teenoor die groot gedeelte wat wit is met die minimalistiese geel gedeeltes. ☑

**VORM/SPASIE:**

- In FIGUUR B vertoon die klok (horlosie) gefragmenteerd en ontwrig. ☑ Hierdie visuele verwarring is tipies van dekonstruktivisme. Daar is duidelike fokus op die lae van gebreekte geometriese vorms in die ontwerp. Die ontwerp weerspieël die gebruik van nuwe vorms. ☑ Die vierkant en die reghoek is uit proporsie en skuins lyne en verskillende vorms word op gefokus. ☑ Die vorms word gekombineerd in 'n onverwagte manier, die ontwerp is innoverend, die vorms en beelde word nie tradisioneel verwag nie. ☑
- In FIGUUR C is al die vorms abstrakte blokke van reghoeke en vierkante op die vooraansig van die klok (horlosie). ☑ Abstrakte en vereenvoudigde vorms en spasies word gebruik met 'n gladde oppervlak. ☑ Al die lyne vorm geometriese vorms in horisontale en vertikale verhoudings met mekaar. ☑


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Die klokke (horlosies) in FIGUUR B en FIGUUR C bestaan uit geometriese vorms. ☑

**BUI/GEVOEL GESKEP:**

- In FIGUUR B is daar visuele spanning tussen die gefragmenteerde en ontwrigte vorms van die vooraansig en voetstuk van die klok (horlosie). Dit skep 'n gevoel van onsekerheid, ongemak en ontwrigting. ☑
- In FIGUUR C is net die drie primêre kleure, rooi, blou, geel met swart en wit gebruik, wat tipiese kleure van De Stijl is. Dit gee 'n modern, helder, vars, skoon voorkoms van klok (horlosie). ☑
- Die De Stijl ontwerpers het geglo die hoeveelheid wit spasie wat balanseer word met min swart en primêre kleure gee 'n gevoel van balans, harmonie, orde, logika en suiwerheid. Ruimtes word in geometriese vorms sowel as horisontale en vertikale lyne verdeel en so word balans en harmonie geskep. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (8)

| V4.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroep<br>Begrip | 30% | 4.2.1<br>Deel van 4.2.2 | 2 + 1 |
| Middel orde | Toepassing | 40% | Deel van 4.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30% | Deel van 4.2.2 | 3 |

(10)

**TOTAAL AFDELING B: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: ONTWERP IN ŉ SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

## VRAAG 5

- **Krities besin oor hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing kan beïnvloed. Kies DRIE bekroonde kontemporêre internasionale ontwerpers wie se werk ŉ verantwoordelikheid teenoor die omgewing toon.**
- **'n Begrip van die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te versterk of uit te daag. Bestudeer DRIE 2D en/of 3D Suid-Afrikaanse en Afrika-handwerk ontwerpe, verlede en die hede, wie se werk sosiale verantwoordelikheid toon.**
- **Demonstreer maniere waarop ontwerp gebruik kan word om die samelewing te bevoordeel.**

Punte kan slegs toegeken word vir OF VRAAG 5.1 **OF** VRAAG 5.2.

5.1 5.1.1 **(Ken 1 punt toe)**
Die plakkaat ontwerp spreek die sosiale kwessie van geweld aan in ons samelewing as gevolg van sterftes wat veroorsaak word deur die gebruik van vuurwapens. ☑ Die boodskap van woede wat die plakkaat wil weergee is dat iemand elke 43 sekondes sterf van geweer geweld. Dit is ŉ ernstige sosiale probleem. ☑ (1)

5.1.2 **(Ken 5 punte toe)**
**GEBRUIK VAN SPASIE:**
- Die beeld is min of meer in die middel van die plakkaat met ŉ groot hoeveelheid leë ruimte rondom die beeld. Dit lei tot ŉ kragtige fokus punt. ☑ Die een sterk fokus beeld in die middel van die plakkaat, met geen agtergrond beelde, maak dit die boodskap baie dramaties. ☑

**BEELDE:**
- Die beeld is saamgestel uit ŉ versameling van menslike beendere en skedels. Die Gestalt beginsel van nabyheid, word uitgebeeld deur die wyse waarop die vorm van die geweer gevorm word met die beendere. ☑

**TEKS:**
- Die enigste teks, behalwe die logo van die organisasie, is ŉ eenvoudige sans serif lettertipe met die gebruik van delikate lynwerk. Die boodskap wat oorgedra word is dat mense se lewe broos en bedreig is in ŉ gewelddadige samelewing. ☑ Die syfers '43', wat sterk en kontrasterend meer uitstaan as die ander swaarder lynwerk, versterk die skokkende realiteit van hierdie skrikwekkende statistiek. ☑

**KLEUR:**
- Die beeld van die geweer wat bestaan uit menslike beendere word in ŉ natuurlike doodse kleur van bene geplaas op ŉ plat, leë, swart agtergrond. Die swart agtergrond kleur hou verband met die duisternis, dood en vrees. ☑ Geen ander kleur word gebruik behalwe in die organisasie se blou en wit logo wat geplaas word


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

onder in die regterkantse hoek van die plakkaat.

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (5)

5.1.3 **(Ken 14 punte toe vir een opstel van twee ontwerpers.)**

Kandidate kan kies om 'n Suid-Afrikaanse ontwerper of ontwerpgroep en 'n Internasionale ontwerper te bespreek. Hulle moet besorgd wees oor positiewe veranderinge in ENIGE sosiale kwessies bv. armoede, kapitalisasie, sosiale onregte, rassisme.

**Let wel: 'n Leerder mag enige voorbeeld gebruik van die LPG (Die Woolworths Book 'Living with Design Daily' of 'Handewerk in Suid-Afrika deur E. Coetsee)**

**<u>VOORBEELD VAN 'n PLAASLIKE ONTWERPER/ONTWERP GROEP</u>**
**STREETWIRES** ☑ (Ontwerpgroep)

DOELSTELLING:
- Om probleme soos werkloosheid en armoede in Suid-Afrika aan te pak. ☑
- Om betekenisvolle langtermyn werksgeleenthede te skep vir soveel mense moontlik in Suid-Afrika ☑
- Verskaffing van 'n permanente werk, 'n gevoel van 'n doel en toegang tot vaardigheidsopleiding en persoonlike ontwikkeling. Die verbetering van lewensgehalte van hawelose Suid-Afrikaners. ☑

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID
- 'Streetwires' is van mening dat die grootse hindernis in ons land werkloosheid is:
  - Een van die grootste oorsaak van armoede is geen sosiale vaardigheid. ☑
  - Dit belemmer die groei en ontwikkeling van enige gemeenskap ☑ en om die lewe van Suid-Afrikaners te verbeter deur 'n werkplek en blyplek te besit. 'n Gevoel van 'n doel in die lewe, vaardigheidsopleiding en persoonlike ontwikkeling. ☑
- 'Streetwires' is 'n nie-winsgewende Opleiding en Ontwikkelings maatskappy wat spesifiek na die opheffing van gemeenskappe kyk, deur die verskaffing van vaardigheidsopleiding, ontwikkeling van individuele kunstenaars, en die skep en uitreik na kinderhuise, skole en minderbevoorregte gemeenskappe. ☑
- Die besigheid, 'Streetwires', fokus op die vervaardiging van straat draadkuns, 'n unieke Suid-Afrikaanse produk. ☑ Die heel waarskynlike oorsprong van hierdie handwerk is in die landelike areas van Maputuland en Zimbabwe. Arm skaapwagter seuns het hul eie speelgoed gemaak van weggooi draadhangers, blikkies en enige ander voorwerpe wat hulle kon vind. ☑ Die ouer mense het die speelgoed begin verkoop aan toeriste.
- By die 'Streetwires' ateljee word die draadkunsontwerpe geskep deur 'n ontwerperspan. Ontwerpe word goedgekeur en dan word 'n


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

prototipe produk gemaak. Dit word vir die handwerkers gegee wat as ŉ span saamwerk om die produkte te vervaardig. ☑ Die ateljee in Kaapstad is baie gesteld op kwaliteit. Die spanleier moet kennis hê van hoë standaard. Die produk moet presies soos die prototipe lyk voordat die finale produk deur kontrole gaan voor dit versprei word.

- Voorwerpe wat vervaardig word is dekoratief en funksioneel soos bv. sleutelhouers, besigheidskaartjie houers, radio's, verskeie modelle van karre gemaak van draad en krale, diere, voëls en mense word vervaardig. ☑ Die tegniek van draadwerk is die dominerende produk, maar krale, opgesnyde blikkies en bottel doppies word ook gebruik. ☑

PRODUKTE:

- Die vorms van die produkte is baie vereenvoudig en gestileerd. Hulle inkorporeer elemente van humor en verbeelding. ☑ Helder kleure en eenvoudige, organiese buitelyne domineer meeste van die produkte. ☑ Dit kan gesien word in voorbeelde soos die: borsstuk van Madiba, die Hooppoo voël, skape en Nguni-beeste die ooievaar. ☑
- Steetwires produseer vyf produksiereekse, naamlik:
  - "Streetwires Persoonlike reeks": Die unieke produksiereeks is vir spesiale gebeurtenisse en korporatiewe handelsmerke;
  - "Streetwires Generiese reeks": Kleinhandel reeks wat die grootste persentasie van hul inkomste verseker;
  - "Streetwires Versameling reeks": Hierdie produkte is gerig op die hoë-einde ontwerp en dekor mark;
  - "Streetwires se Handtekening reeks": Die reeks bevorder die naam van die maatskappy se beste kunstenaars (bv. Die meester draad kunstenaar Elias Kahari, en die ontwerper Michaela Howse). Die produkte van dié reeks word in eksklusiewe winkels verkoop;
  - "Streetwires se Visuele Kunste reeks": Solo-uitstallings word hier gehou deur uitgekiesde kunstenaars waar hul versamelings te toon gestel word onder hulle eie naam. ☑
- Al die bogenoemde reekse dra by tot die ekonomie van Suid-Afrika in hul eie unieke manier omdat hulle almal verskillende teikenmarkte het. Dit skep dinamiese maniere waarop die land hulle produkte kan bevorder, tot die oorsese markte. Dit bevorder die handwerk en vaardighede van hierdie land. Dit verskaf ook meer werksgeleenthede vir die plaaslike gemeenskap. ☑

**<u>ŉ VOORBEELD VAN ŉ INTERNASIONALE ONTWEPER</u>**
**BJ KRIVANEK: ☑** (**Ontwerper**)

DOELSTELLING:

- Hy voeg publieke en poëtiese dimensies aan die oorvloed van kommersiële boodskappe in ŉ moderne stedelike landskap. ☑
- Krivanek integreer die geskrewe woord in die mensgemaakte omgewings. ☑

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

- Hy ontwerp monumente wat gemeenskappe vier wat vroeër


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

geïgnoreer of opsy gestoot was. ☑

- Om 'n stem te gee aan die 'binnegevegte en gestigmatiseerde stedelike gemeenskappe' as 'n manier om na hulle uit te reik en waarde te gee.

INVLOEDE:

- Hy word geïnspireerd vir sy projekte deur om sekere areas te besoek en die geskiedenis van die spesifieke plek na te slaan, en sodoende ook uit te ryk na die gemeenskap. ☑
- Hy laat die tradisie van die inskripsie op klassieke publieke geboue herleef word wat vir honderde jare teks op gehad het om instruksies te gee en te herdenk. Die goed geplaaste klassieke inskripsies was gewoonlik in hoofletters gedoen en geskryf deur mense wat in leierskapposisies is of mense wat in dominante sosiale groepe behoort. ☑

METODES:

- Hy kombineer beeldhou, argitektuur en ontwerp en maak omgewingstellasies wat die onsigbare buitestaander herdenk eerder as bekende mense. ☑
- Krivanek se teks is vrygewig gespasieer en baie versigtig gerangskik in lyne om die egte waarde van die boodskap te behou. ☑
- Hy hou die lettertipes by die omliggende argitektoniese strukture se style om die geskiedenis en die karakter van die area te reflekteer en die regte boodskap weer te gee. ☑
- Sy temas gee nie instruksies nie: in plaas daarvan reflekteer dit kontemporêre sosiale kwessies en sy boodskap gaan teen die amptelike hedendaagse siening.

VORMING VAN DIE SAMELEWING

- Hy versterk mense se gevoel oor die area waar hulle woon. ☑
- Hy ontwikkel en versterk mense se kennis oor die geskiedenis van 'n plek en die gebeure wat daar plaasgevind het deur 'n enkele woord. ☑
- Hy laat mense krities dink oor hulself en situasies in 'n positiewe lig sien. ☑
- Sy argitekwerk het altyd 'n diep emosionele en sensitiewe konnotasie met die menslike wese. ☑

WERKE:
**'HERSTEL EKWILIBRIUM'** ☑

DOEL:

- Om die 911 tragedie van die terroriste aanvalle op die drie vliegtuie van die Verenigde State oppad na LAX lughawe te herdenk. ☑
- Om die verlies van die gemeenskap te reflekteer en die hoop uit te spreek van nasionale identiteit. ☑

METODE:

- Besoekers aan die gedenkteken loop oor 'n drumpel waarop die

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

woorde: 'Dogter, Buurman, Burger' gegraveer is, oppad na die ondergrondse versterkte gedenkteken wat bo-op 'n fontein opgerig is. ☑

- Op die rand kan besoekers die drywende spieël skottels rondbeweeg, om die wisselwerking van nasionale persepsies te aktiveer. Die bak is gegraveer met die woorde: 'Saam sal ons staan, See tot blink See, Huis van die Dapper', teenoor die Amerikaanse regte en idees gegraveer: ' Privaatheid," Habeas Corpus", Vergadering'. Dit dui aan die nasionale dialoog veroorsaak deur die aanvalle.☑
- Gegraveer in die drywende spieël skottels, wat opwaarts reflekteer gedurende die nag, is die persoonlike eienskappe van die slagoffers gegraveer: 'Geliefdes, Gelyke, Sterk, Eerlik'. Dit verwys na die Amerikaanse burgerskap en die eienskappe van hul nasionale identiteit. ☑ In die nag simboliseer die konstellasie die 'afterlife" van die slagoffers. ☑ Op die gedenktekens is daar in verskeie tale gegraveer: 'The American Dream', wat 'n wêreld bekende frase is. ☑
- Die gedenkteken is gebou bo-oor 'n fontein – die drywende spieël skottels beweeg die hele tyd as gevolg van die beweging van die water waarop die vlaktes dryf. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (14)

**[20]**

| V5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Observasie/ Herroep, Begrip | 30% | Deel van 5.1.1<br>Deel van 5.1.2<br>Deel van 5.1.3 | 1+2+3 |
| Middel orde | Toepassing | 40% | Deel van 5.1.1<br>Deel van 5.1.2<br>Deel van 5.1.3 | 1+3+4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30% | Deel van 5.1.2<br>Deel van 5.1.3 | 3+3 |

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.2 5.2.1 **(Ken 2 punte toe)**

FIGUUR B toon handwerk vir kleinhandel doeleindes by 'n Suid-Afrikaanse mark. Meer en meer Suid-Afrikaners maak hul lewensbestaan uit die vervaardiging van hul eie handwerk om die stryd teen armoede te oorkom. ☑ Daar word beweer dat die handwerksektor sowat 1,2 miljoen mense in diens aanneem en ongeveer R3,4 miljard bydra tot die ekonomie van ons land, wat enorm is. ☑ Handwerk bied 'n ingangspunt tot die ekonomie vir mense met minder hulpbronne. Dit stel hulle in staat om hul vaardighede te ontwikkel deur ervaring, vakleerlingskap en mentorskap wat later gebruik kan word in die formele sektor. ☑ Inheemse handwerk is 'n aantrekkingspunt vir internasionale toeriste in Suid-Afrika wat ons plaaslike ekonomie bevoordeel. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (2)

5.2.2 **(Ken 8 punte toe)**
**Geen punte word toegeken vir die herhaling van 'n ontwerper en hulle werke.**

**Kandidate het 'n keuse om EEN van die volgende tradisionele handwerke te bespreek:**
- **isiZulu mandjie weefwerk**
- **isiZulu pottebakkery**
- **isiZulu kralewerk**

**of**
- **isiXhosa kralewerk**

**VOORBEELD: isiZULU MANDJIE WEEFWERK**

**OORSPRONG:**
Gedurende die 1800's onder Hoofman Shaka was Zoeloe tradisionele mandjies deur mans geweef. ☑ Vroue het begin leer om hierdie tradisionele handwerk te weef toe hul mans moes weggaan om op die myne te gaan werk. ☑

**MATERIALE EN TEGNIEKE:**
Tradisioneel was mandjies as gebruiksartikels baie vaal, die mandjie was die kleur van die palmtakke waaruit hulle geweef is. Slegs die bierpot was versier met kleurvolle ontwerpe. ☑ Die Ilala palmblare word gebruik om 'n waterdigte mandjie te weef vir die doel om vloeistowwe soos water of bier in te bêre. ☑ Vandag het baie Zoeloe mandjies patrone wat oorspronklik van Zulu en/of Ndebele kralewerk ontwerpe afkomstig is☑ Die mandjies het kontemporêre motiewe en motiewe gebaseer op ander Suid-Afrikaanse stamme op die mandjies. ☑ Zoeloe wewers is ook voordurend besig om natuurlike pigmente en kleurstowwe te ontwikkel, om sodoende die ontwerpe meer uniek te maak. ☑

Zoeloe mandjie ontwerpe word gekenmerk deur simmetrie, presisie en


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

organisasie. Dit is dieselfde waardes waarna hulle streef in hulle alledaagse sosiale leefwyse. ☑ Baie mense en wewers glo elke simbool het 'n spesifieke betekenis:

- **Die Driehoek:** 'n simbool van manlikheid en word verteenwoordig op mandjies vir troues. Die aantal koeie en/of kalwers wat betaal is vir 'n bruid word op mandjies geweef - lobola. Twee driehoeke wat na mekaar kyk (om 'n uurglas –vorm). Dit verwys soms na 'n vrou wat in 'n huwelik intree as die tweede of selfs derde vrou en nie 'n primêre of eerste vrou. ☑ Die dubbeldriehoek – huwelik, man.

- **Diamant:** 'n Vroulike simbool. Dit kan ook die status van 'n eerste vrou aanwys. ☑ Dubbel diamant – huwelik, vrou. ☑

- **Die Zig-Zag:** Manlik, verteenwoordig die spies van Shaka of weerlig, asook bulle (bv. 'n Troumandjie as 'n bruid bulle aanvaar as betaling/lobola). ☑

- **Reeks Diamante:** Feminisme, verteenwoordig die skilde van Shaka. ☑

- **Skaakbord, Spirale of Sirkels:** Goeie nuus, nuwe baba, goeie reëns, volop oes. ☑

- **Patrone wat trappe vorm:** Dit is tipiese Ndebele invloed maar verteenwoordig ook die rollende heuwels van Zululand, die uitspansel (aarde) en die hemel. ☑

FUNKSIES:

- **Die Isichumo-Watermandjie** ☑ (waterdig): Dit is 'n onbuigbare, bottelvormige mandjie wat gebruik word vir die vervoering en storing van vloeistof (gewoonlik water). Dit het 'n dekstel wat oor die nek van die bottel pas.☑

- **Die Isiquabetho-Graanmandjie** ☑ (nie-waterdig): Dit is 'n groot plat mandjie wat gebruik word vir die dra en stoor van graan. Dit word ook 'n "deeg bakkie" genoem. Die groot mandjies is gebruik om groot hoeveelhede deeg te meng vir broodbak. Die kleiner mandjies word gebruik vir die bediening van kos en broodknie. ☑

- **Die Isilulu-Groot graanmandjie** ☑ (nie-waterdig): Dit is 'n groot mandjie wat gebruik word om graan vir lang tydperke te stoor. Die mandjie is geweef met geslote weeftegnieke sowel as oop weeftegnieke. Die oop weeftegniek laat die lug toe om te sirkuleer sodat die graan kan gis maar nog steeds insekte uithou. Hier mandjies is groot, rond en klokvorming, afhangende van die gebied en wewer. ☑

- **Produkte van gras en ilala palmweef werk** (Daar is 'n groot


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

verskeidenheid van produkte bv. slaapmatte. Weefprodukte kan gebruik word vir feitlik enige plaaslike, sosiale en/of godsdienstige funksie. ☑ Mandjies het gedien as houers om kos, water of bier te stoor. ☑

**NAAM EN BESKRYWING VAN EEN PRODUK:**
**DIE UKHAMBA** ☑ (waterdigte bier mandjie)
Dit is 'n gloeilamp-vormige houer, waterdig en gemaak deur die digtheid van die spiraalspel weeftegniek en die weef materiaal self, die Llala palm. ☑ Die mandjie het 'n deksel en dit is tradisie om gaste gemeenskap uit die mandjie te laat bier drink as hulle kom kuier. ☑ Dit is helderkleurig en word gewoonlik versier met geweefde geometriese of ander patrone. ☑

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (8)

5.2.3 **(Ken 10 punte toe)**
**HALDANE MARTIN** ☑

**Konteks:**
Haldane Martin is 'n bekroonde meubelmaker wat deur tradisionele weefwerk beïnvloed word. ☑

**Doelstelling:**
- As 'n kontemporêre ontwerper probeer hy om die behoeftes van die mens in geheel in ag te neem deur meubels te ontwerp wat betekenisvol is vir die gees sowel as goed vir die siel, en voeding vir die liggaam. ☑
- Hy maak gebruik van herwinde materiaal en streef ook voortdurend om volhoubare en omgewingsvriendelike ontwerpe te skep in die volgende maniere:
  - Hy is van mening dat meubel ontwerpers minder materiale moet gebruik.
  - Giftige materiale moet heeltemal vermy word as gevolg van omgewingskwessies.
  - Een van sy belangrikste doelwitte is om materiale te herwin en te hergebruik. Hy volg die kode van "Verminder, Hergebruik, Herwin en Vermy". ☑

**Invloede:**
- Hy word geïnspireer deur:
  - Die materiale, kulture en die konteks van Suid-Afrika. Dit is opvallend in sy ontwerp van die 'isiZulu Mama Café' stoel' met sy spesifieke verwysing na die tradisionele Zoeloe-weeftegniek op die sitvlak. ☑
  - Die vroeë Kaapse Nederlandse riempie-stoel. Riempies is dun stroke leer wat geweef word om meetkundige patrone op die rugleuning en/of sitvlak van stoele te maak. ☑

**Karaktereienskappe van sy werk en die gebruik van tradisionele tegnieke en materiale:**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Sy ontwerpe is gesofistikeerd en eenvoudig. ☑
Hy praktiseer in beide sosio- en omgewingsbewuste ontwerpe vir sy produkte. Sy werk bewys dat hierdie soort van ontwerp gesofistikeerd en elegant is. Hy bereik dit deur die gebruik van eenvoudige lyne en kleure. Sy produkte is plaaslik en internasionaal in aanvraag. ☑ Dit wissel van herwinde plastiek en vlekvrye staal tot natuurlike materiale soos vere en leer. Hy kombineer mensgemaakte materiale met natuurlike materiale in van sy ontwerpe. Bv. Die 'Fiela Feather' lamp waar ŉ ligte veeragtige lampskerm gekombineer word met ŉ vlekvrye staal basis. ☑
Die Songololo stoel (bank) kombineer hy materiale soos leer en staal. Die bank is so ontwerp dat dit in ŉ reguit lyn geskuif kan word asook in ŉ kronkelagtige organiese manier. ☑

Voorbeelde van sy werk:
**Die 'isiZulu Mama Café' stoel** ☑

**Invloed:** Die stoel is geïnspireer deur Afrika-mandjies van verskillende Afrika-kulture regoor die Afrika-kontinent, veral die inheemse amaZoeloe mandjie weeftegniek. ☑

**Materiale:** Die stoel is geweef uit herwinde plastiek van herwinde melkbottels. Die plastiek melkbottels word gesmelt en uitgerek in lang plat stroke gereed vir die weef proses. Oorspronklik kon die plastiek slegs met swart gekeur word as gevolg van die beperkte herwinningsprosesse beskikbaar in Suid-Afrika maar kan nou in verskillende kleure gekleur word.  Die raam van die stoel is gemaak van 304g vlekvrye staal.  Die staal word ook gemaak van 60% herwinde materiaal. Die stoel is dus 100% herwinbaar as dit nie meer geskik is vir gebruik nie. ☑

**SOSIALE KWESSIES WAT AANGESPREEK WORD DEUR SY ONTWERPE:**

- Hy was beïnvloed deur ontwerpers om volhoubare ontwerpe te beoefen.  Hy vervang die tradisionele weefsel (die ilala palm) met herwinde plastiek om die sitvlak van die isisZulu Mama stoel meer duursaam te maak,  Dit gee die stoel ontwerp ŉ kontemporêre gevoel.
- Die sitplekke is geweef deur 6 vroue van Limpopo. Hierdie projek maak ŉ sosiale bydrae en verskaf werksgeleenthede. ☑ Vakmanne van die Mogalakwena Kunsprojek sit die geweefde sitplekke in die herwinde vlekvrye staalrame.

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (10)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| V5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Observasie/ Herroep, Begrip | 30% | Deel van 5.2.2<br>Deel van 5.2.3 | 3+3 |
| Middel orde | Toepassing | 40% | Deel van 5.2.1<br>Deel van 5.2.2<br>Deel van 5.2.3 | 1+3+4 |
| Hoër order | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30% | Deel van 5.2.1<br>Deel van 5.2.2<br>Deel van 5.2.3 | 1+2+3 |

**[20]**

## VRAAG 6

6.1 **(Ken 6 punte)**
Die ontwerp in FIGUUR A is ʼn goeie voorbeeld wat omgewingskwessies sowel as sosiaal verantwoordelike ontwerp aanraak as gevolg van die volgende voorbeelde:

- Die metode om die omgewingsbakstene met rommel/vullis/afval te vul is ʼn manier om die omgewing skoon te hou. ☑
- Ons stortingsterreine loop oor met onvergangbare afval. Die omgewingsbakstene help ons om van die afval ontslae te raak. ☑
- Die omgewingsbaksteen word gebruik vir boumateriaal, het ʼn lang leeftydperk want dit is gevul met onvergangbare afval. ☑
- Omgewingsbakstene word lokaal vervaardig teen geen koste en is gemaak van beskikbare materiale. ☑
- Omgewingsbakstene het goeie isolasie eienskappe. (Koel in warm weer en warm in koue weer). ☑
- Die bewustheid om omgewingsbakstene te gebruik verhoed onnodige energieverbruik en omgewingsfaktore wat skade veroorsaak. ☑
- Die betrokkenheid van die gemeenskap maak hulle meer omgewingsbewus. ☑
- Die uitruil “swap shop” moedig individue in die gemeenskap aan om hulself te bemagtig as entrepreneurs. ☑
- Die uitruil “swap shop” inspireer en stel die lede van die gemeenskap in staat om broodnodige klere, meubels en kinderspeelgoed te ruil vir die maak van omgewingsbakstene. ☑
- Die betrokkenheid van die gemeenskap in die projek om die voorgestelde skool te bou met omgewingsbakstene gemaak deur die gemeenskap skep Ubuntu, wat ʼn positiewe verandering vir die mense bring in die lae-inkomste gemeenskappe. ☑

**Gee erkenning vir enige ander geldige antwoord.** (6)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.2 **(Ken 14 punte toe)**

**VOORBEELD 1** (Plaaslik)

DIE NAAM VAN ONTWERPER:
**MARTIN KRUGER, Martin Kruger Associates, Architects Urban Designers** ☑

**DOELWITTE:**

- Kruger glo aan die veranderende ontwerp proses van spanwerk. ☑ Hy glo in diep interaksie met sy kliënte en 'n aanhoudende reis van uitstekendheid en eenvoud.☑ Sy filosofie is: "Alle geboue is stede en die stad is 'n groot huis".
- Hy voel dat min stede die menslike skaal het wat dit veronderstel is om te hê. Dit is omdat daar gedurig die behoefte is om uit te brei en maksimum land te gebruik. ☑ Wolkekrabbers laat dikwels dié wat om hulle werk soos dwergies lyk en seël hulle af van die buitewêreld.☑ Sy doelwit is om 'n vriendeliker, meer koesterende werkplek te skep.☑
- Martin Kruger se praktyk is toegewyd om geboue en nedersettings te skep wat 'n positiewe bydrae tot die omgewing lewer, $CO_2$ vrystelling te verminder en die gebruik van passiewe energie. ☑
- Die ateljee ondersoek ontwerp probleme op 'n verskeidenheid van maniere. Hulle werk sluit uitstallings, bewaring, nuwe nedersettings, publieke spasies en geboue, sowel as 'n aantal diverse en pragtige privaat huise en plaashuise in. ☑

**INVLOEDE VIR SY WERK:**

- Streeksargitektuur – hy is geïnteresseerd daarin om 'n argitek te gebruik wat plaaslike hulpbronne en tradisies gebruik, om sodoende plaaslike behoeftes aan te spreek, en om die omgewings-, kulturele- en historiese konteks in ag te neem.☑
- Hy is beïnvloed deur die antieke Griekse idee van die 'Agora' ('n publieke oop ruimte of vierkant wat 'n bymekaarkom plek is, of vir markte gebruik kan word) en is geïnteresseerd daarin om 'n 'African Agora' te ontwikkel. ☑
- Hy word deur Modernisme beïnvloed. Hy maak gebruik van moderne materiale en konstruksie metodes. ☑

DIE NAAM EN KORT ANALISE VAN EEN ONTWERPER MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE WYSE WAAROP OMGEWINGSKWESSIES AANGESPREEK WORD:

**ONTWERP:** BP SUID-AFRIKA HOOFKANTOOR by die V&A Waterfront, Kaapstad. ☑

- Die gebou is 'n 9 500 vierkante meter trippel volume oopplan kantoorspasie vir 600 mense. Dit is 'n miniatuur voorstelling van Kruger se ideale stad. ☑
- Enorme lanternvormige strukture is op die dak gekonstrueer om toe te laat dat lig in die sentrale atrium afskyn waar bome die ideale klimaat kan geniet. ☑
- Bo die vensters is boksagtige rakke wat natuurlike lig in kanaliseer, maar


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

het die dubbele vermoë om skaduwee te skep in die warmste tye van die jaar. Dit is energiebesparing op sy mees doeltreffendste omdat daar geen behoefte vir verwarmers of lugverkoelers is.☑

- ŉ Dim-stelsel reguleer outomaties hoeveel interne lig benodig word. ☑
- Fotovoltaïese selle en termiese sonpanele op die dak en afdakke verskaf 10 persent van die gebou se elektrisiteit. ☑
- Bewegingsensitiewe beligting in die geboue beteken dat die laaste persoon om die gebou te verlaat nie hoef te onthou om die ligte af te skakel nie. Die gebou voel outomaties aan dat daar geen beweging in die gebou is en ligte word dan vanself afgeskakel. ☑
- Afloop water uit die dak word opgegaar in ŉ ondergrondse tenk met ŉ kapasiteit van 1,3 miljoen liter. Hierdie water word vir die perseel se tuine en ablusie gebruik. ☑
- Binne in die gebou is herwinningsdromme geplaas wat werknemers aanmoedig om hul papier, plastiek en metale te herwin. ☑
- So ver moontlik is herwinde materiale gebruik wat duursaam is en lae onderhoud verg. Tapyte is van 100% herwinde materiaal gemaak en die muurbehangsel deur Adri Schultz is van afval katoen gemaak.
- Die muurbehangsel is deur ŉ groep vroue in Khayelitsha gemaak. Die pragtige rooshoutvloere regdeur die gange van die gebou, kom van volhoubare woude in Zimbabwe af. ☑

**VOORBEELD 2** (Internasionale ontwerper)

DIE NAAM VAN DIE ONTWERPER:
**JULIE BARGMANN** ☑

Julie Bargmann word internasionaal erken as ŉ ontwerper wat besoedelde en industriële terreine in die VSA herwin. ☑ Hierdie plekke is erg aangetas deur byvoorbeeld myne en die neerstorting van rommel. ☑ Sy ondersoek die kreatiewe potensiaal van hierdie gedegradeerde landskappe en herbou hulle. ☑ Sy probeer altyd ŉ stukkie van die geskiedenis van die plek behou, sodat mense kan onthou wat daarmee gebeur het en hoe dit gelyk het. ☑ Haar praktyk word D.I.R.T. genoem. (‘Design Investigations Reclaiming Terrain’ of ‘Dump It Right There’) ☑ Sure van fabriekafleipype beland in strome en riviere en versmoor alle vorms van lewe. Sy lê beslag op sulke besoedelde industriële gebiede. ☑

Voorbeeld van haar werk:
Haar werk **‘Testing the waters’**☑ is ŉ herwinning van wat voorheen ŉ steenkoolmyn was. Die plek is omskep in ŉ park waar suurmyndreinering plaasvind en waar die publiek kan ontspan. ☑ Die park bestaan uit ŉ landmassa wat uitgekerf is om ŉ passiewe AMD behandelingstelsel te skep en die publiek toe te laat om die suiwering van die besoedelde water fisies te aanskou ☑ soos dit beweeg deur die reeks retensiebakke en afvoerings en soos dit van kleur verander van oranje na groen na blou-groen. ☑ Die park bestaan ook uit ŉ tuin met afwisselende rye bome en struike. Dit het ook ontspanningsgeriewe soos piekniekplekke, speelareas en voetpaadjies vir wildsbesigtiging. ☑

Die leerder moet die ontwerper noem en ook sy/haar werk en moet ten minste drie toepaslike feite gee oor die werk.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Gee erkenning vir enige geldige antwoord.** (14)

| V6.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIG % | VRAE | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Herroep/ Begrip | 30% | Deel van 6.1<br>Deel van 6.2 | 3+3 |
| Middel orde | Toepassing | 40% | Deel van 6.1<br>Deel van 6.2 | 3+5 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluasie | 30% | 6.2 | 6 |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com